(In 2 Kronieke 20 lees ons dat koning Josafat bang word toe hy hoor dat die vyand Juda gaan aanval. Hy bid dat die Here hulle help. Deur die Leviet Jagasiël sê die Here die volk moenie bang wees nie, die oorlog is sy saak. Die volk moet net posisie inneem en kyk na die Here se oorwinning. Josafat stel toe eers die sangers op en agter hulle die soldate. Toe die sangers begin sing beskik God dit dat die vyand mekaar begin doodmaak totdat almal dood is. Die volk het by Lofdal 'n samekoms gehou en is daarna met musiekbegeleiding terug Jerusalem toe.)

Sang en musiek

Die Here rig koning Josafat
deur Jagasiël wat die Here sien
sodat die koning sy sangers
voor die soldate laat loop.
'n Baie dom besluit
sou ons dalk kon sê.

Maar die oorlog was slegs
God se saak, Hy sal veg
ons moet net sing
uit volle bors sing:
Aan sy liefde is daar
geen einde nie!

Hy alleen gee by Lofdal
die algehele oorwinning
met harpe, liere en trompette
word die sangers begelei:
Aan die Here se liefde
is daar geen einde nie!

Jan Lubbe